# DIE IMPLEMENTERING VAN DIE POLITIEKE SPOTPRENT IN DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

*DJR TRUTER (HOËRSKOOL HOOGLAND)*

## 1. INLEIDING

Die tegnologiese wêreld waarin ons leef het onteenseglik sy invloed op die huidige vakdidaktiek. Verby is die dae dat geskiedenisonderrig net kon berus op die memorisering van feite en die weergawe daarvan. Die aanslag van die tegnologie spreek duidelik in die invloed wat die rolprent en televisie op die mens (kind) het. Dat die gebruik van oudio-visuele hulpmiddels toenemend deel van die vakdidaktiek geword het, is vanselfsprekend.

Vir die geskiedenisonderwyser stel dit groot maar interessante uitdagings, veral in die effektiewe implementering van prente, spotprente, foto's, skyfies, transparante, films, e.s.m. in die onderrigsituasie. Dit moet egter baie duidelik besef word, dat hulpmiddels op sigself geen waarde het nie. Sy waarde word alleenlik verkry deur die wyse waarop dit gebruik word (Conradie, PJ, 1977, p. 26). In hierdie verband sal die onderwyser se aanvoeling en inisiatief, spesifiek t.o.v. sy metodiek, die bepalende faktor wees.

## 2. WAT IS 'N SPOTPRENT?

'n Spotprent kan beskryf word as 'n visuele simbool wat die werklikheid voorstel. Deur die gebruik van simboliek word die "nuus van die dag", soms op humoristiese wyse aan die publiek oorgedra. Vandaar die populariteit daarvan by koerantlesers. 'n Goeie spotprent se boodskap spreek onmiddellik, nie d.m.v. woorde nie, maar deur effektiewe simbolisering. Hierin lê dan ook die nuttigheidswaarde van die spotprent, vir gebruik in die onderrig van geskiedenis, andersinds omsluit dit ook probleme waarvoor die onderwyser moet lig loop.

### 2.1 VOORDELE WAT SPOTPRENTE BIED

- Die spotprent gee, d.m.v. simboliek, oordragtelike uitdrukking aan 'n storie, gebeurtenis, situasie ens. In die meeste gevalle kan die leerlinge onmiddellik sien wat die onderwerp van bespreking is.
- Spotprente is wel tydvak gebonde, nogtans oorskry dit die grense van tyd. Spotprente uit die verskillende tydperke van die Geskiedenis, bied steeds aan die leerlinge die geleentheid vir die belewenis daarvan.
- 'n Goed gesimboliseerde spotprent lei tot goeie begrip.
- Spotprente het ook 'n estetiese waarde.
- Sommige spotprente bevat ook 'n humoristiese element wat belangstelling by kinders verhoog.
- Spotprente is redelik maklik bekombaar.
- Spotprente kan maklik d.m.v. 'n transparant aan 'n groep leerlinge vertoon word.

### 2.2 ENKELE NADELE VAN SPOTPRENTE

- Spotprente is tydvakgebonde. Die faktore (gebeure) wat tot die ontstaan daarvan aanleiding gegee het, moet dus bekend wees, andersinds kan geen interpretasie daarvan plaasvind nie.
- Spotprente het 'n sterk emosionele inslag
- Die boodskap wat 'n spotprent oordra is basies subjetief en eensydig van aard. Die kunstenaar moet die standpunt van sy redakteur uitdra, gevolglik word kontroversiële onderwerpe somtyds oorvereenvoudig. 'n Kunstenaar kwalifiseer dus nooit sy standpunt nie. Hy is of **vir** iets of **teen** iets (Dale, E., 1947, p. 268).
- Sommige spotprente kan lei tot wanvoorstellinge en die skepping van negatiewe gesindhede by leerlinge, bv. die karikature wat bestaan:

  die onderwyseres – word voorgestel as 'n oujongnooi, lang swart rok met draadraambrilletjie.

  die professor – word voorgestel met deurmekaar hare, lang jas ens.

  die kapitalis – word voorgestel as 'n vet mannetjie, streep broek, pluiskeil e.s.m. (Dale, E, 1947, p. 268).
- Simbole wat gebruik word is nie altyd bekend nie, bv.

  Die donkie – Demokratiese party, VSA
  Olifant – Republikeinse party, VSA
  Mars – Oorlog
  Duif – Vrede ens. (Dale, E, 1947 p. 268).

  Bogenoemde voor- en nadele is belangrike faktore wat in aanmerking geneem moet word by die finale keuse van 'n spotprent.

## 3. ENKELE DIDAKTIESE OORWEGINGS BY DIE GEBRUIK VAN SPOTPRENTE

3.1 Die gebruik en inskakeling van die spotprent(e), as onderrighulpmiddel noodsaak deeglike beplanning. Eerstens moet besin word oor die **doel** van die les, alvorens bepaal word wat die spesifieke doel met die gebruik van die spotprent is, m.a.w. watter effek word daarmee nagestreef?

3.2 Nadat die doelstelling geformuleer is, moet beplan word oor **hoe**, en op watter stadium die spotprent in die lessituasie gebruik sal word. Die verrassingselement moet nie uit die oog verloor word nie. Dink aan die volgende moontlikhede, daar kan ook ander wees.

- Om 'n tema in te lei;
- Om 'n bepaalde aspek duideliker toe te lig;
- As die kern van 'n les;
- Om die verbeelding en belangstelling van die leerlinge te wek;
- As 'n manier om hersiening te doen;
- As 'n manier om die leerlinge se kennis en insig te toets;
- Om 'n werklikheid te skep wat minder effektief met woorde gesê kan word;
- Spotprente kan ook gebruik word om bykomende leeswerk te bevorder, bv. oplees

oor die rol van spesifieke figure, of, oplees oor die faktore wat aanleiding gegee het tot 'n spesifieke gebeurtenis.

3.3 Bepaal of die leerlinge baat sal vind deur die gebruik van 'n spotprent in die lessituasie. Dit kan gedoen word deur mondelinge of skriftelike opdragte.

3.4 Kontroleer of die leerlinge werklik tot die gewenste insigte gekom het, deur aan hulle die geleentheid te bied tot aktiewe deelname. Sodoende word 'n gesonde interaksie geskep wat 'n hoër denkvlak tot gevolg het.

3.5 Waak teen impulsiewe, onbeplande en oormatige gebruik van spotprente in dieselfde lessituasie of tema-ontleding. Te veel indrukke kan vir die leerlinge verwarrend wees.

## 4. KRITERIA VIR DIE UITSOEK VAN GESKIKTE SPOTPRENTE

4.1 Spotprente waarop besluit moet word, moet in die lig van goed gedefinieerde en spesifieke doelstellings 'n bepaalde doel dien.

4.2 Die spotprent moet die "waarheid" vertel, m.a.w. die inhoud daarvan sowel as die interpretasie daarvan verbonde moet histories verantwoordbaar wees, anders kan dit lei tot die oordrag van verkeerde kennis.

4.3 Die samestelling (grafiese uitbeelding) van die spotprent moet spreek van eenvoud, m.a.w. dit moet 'n duidelike en definitiewe indruk van die betrokke saak gee. Die boodskap moet duidelik oorgedra word. Op hierdie stadium kan ook gelet word op die rol wat karakteristieke simbole in sommige kunstenaars se spotprente speel, bv. wurmpies (Len Lindeque), hondjie (Victor Ivanhoff), mannetjie (Bob Connelly). 'n Spotprent wat ingewikkeld en oorlaai is met gegewens, veroorsaak verwarring en kan die doel met die prent laat misluk.

4.4 Waak teen die gebruik van spotprente wat 'n negatiewe of eensydige gesindheid by die leerlinge kan aankweek.

4.5 Gebruik spotprente wat die inhoudelike van die betrokke les duideliker kan toelig en wat die leerlinge kan gebruik om verdere insig te bekom, of om sy insig te toets.

4.6 Menslike verhoudings word in spotprente sterk beklemtoon. Indien dit op humoristiese wyse gedoen word, wek dit groter belangstelling by die leerlinge.

4.7 Spotprente wat gebruik word moet aanpas by die bevatlikheidsvlak van die betrokke leerlinge waarvoor dit beoog word. Hoe jonger die leerlinge, hoe groter moet die eenvoud van samestelling wees. Dit moet dus verband hou met die vlak waarop die betrokke leerlinge dink en leer.

In die junior klasse sal die onderwyser meer agtergrondinligting moet verstrek, om sodoende interpretering te vergemaklik.

## 5. ENKELE RIGLYNE BY DIE INTERPRETERING VAN SPOTPRENTE: WAARNA KYK ONS?

5.1 Wanneer na 'n prent gekyk word beweeg die oog onmiddellik na die sentrale fokuspunt (Conradie, PJ, 1977, p. 17). Eers daarna word gekyk na bykomende besonderhede en ander detail.

5.2 'n Kort inleidende voorbereiding en motivering oor die doel van die spotprent en waarna om te kyk, wek nie alleenlik belangstelling nie, maar het ook 'n "invloed op die oogbewegings en tydperke van fiksasie" (Conradie, PJ, 1977 p. 18).

5.3 Leerlinge moet 'n vasgestelde, maar genoegsame tyd kry om na die spotprent te kyk en die inligting wat hy daaruit verkry, moet hy so gou moontlik toepas. Sy waarneming, spoed en kennis moet nagegaan word. Foute moet op taktvolle wyse reggestel word (Conradie, PJ, 1977 p. 18).

5.4 Die leerlinge moet deeglik ingelig wees oor karakteristieke en tradisionele simbole wat in spotprente gebruik word (vgl. punt 2.2).Bestee ook aandag aan die volgende:

- tradisionele kleredrag; nasionale simbole, bv. springbok of hoenderhaan, landsvlae en wapens; assosieerbare simbole soos die Swastika of hamer en sikel.
- Leerlinge moet aandag bestee aan die houdings en gesigsuitdrukkings van die karakters in spotprente, want dit kan belangrike leidrade verskaf tot suksesvolle interpretering van spotprente.
- Waar enigsens moontlik moet hierdie inligting in die onderriglokaal beskikbaar wees.

5.5 Die beskikbaarheid van meegaande vragies by die spotprent is vir die leerlinge 'n belangrike leidraad tot interpretering daarvan. 'n Opdrag soos: "Interpreteer die volgende spotprent" of "verduidelik die spotprent", het nie veel sin nie. Ons moet tog weet wat ons wil oordra en wat ons wil toets!

5.6 Waar enigsens verwarring mag ontstaan moet die onderwyser verklaar en verduidelik.


5.7 Leerlinge moet geleer word om 'n kritiese houding teenoor spotprente te ontwikkel.

## 6. PRAKTIESE TOEPASSING

### 6.1 SPOTPRENT A

ST. 10 SILLABUS – DIE IDEOLOGIESE MAGSTRYD IN SUIDOOS-ASIE

# In die Geneefse Wildtuin




**Die DUIFIE: Ek wonder of ek maar kan nader kom?**

6.1.2 **DOELSTELLING VAN LES:** Om aan te toon – dat wat as 'n koloniale oorlog in Suidoos-Asië begin het, het na 1954 deel van die Koue Oorlog geword.

6.1.3 **ORIËNTERING t.o.v. SPOTPRENT** – wat sien ons?

- Die opskrif – IN DIE GENEEFSE WILDTUIN – verwys onteenseglik na die Geneesfse Konferensie, 1954.
- Die datum – 20 Julie 1955 – beteken dat die spotprent ± 1 jaar na die Geneefse Konferensie ontstaan het.
- Die volgende simbole verskyn en moet geïdentifiseer word:
  Beer, Poedel, Arend, Leeu, Duif met takkie in sy mond.

6.1.4 **VRAGIES OM VOORKENNIS TE TOETS – DIE GENEEFSE KONFERENSIE**

- Watter lande word simbolies deur 1, 2, 3 en 4 voorgestel?
- Watter land, wat wel by die Geneefse Konferensie teenwoordig was, word nie in die spotprent verteenwoordig nie?
- Verklaar kortliks die teenwoordigheid van land (2) by die Geneefse Konferensie.
- Wat was die belangrike bepalings van die Geneefse Konferensie t.o.v. Suidoos-Asië?
- Waarom blyk dit asof die duif, wat vrede simboliseer, huiwerig is om by die "diere" aan te sluit? M.a.w. waarom was vrede teen 1955 in Suidoos-Asië nie moontlik nie? Verduidelik kortliks.


6.1.5 Met die **funksionalisering** van die lesinhoud, t.w. die stryd in Viëtnam na 1954, word die volgende vragies gestel:

- Watter verdedigingsorganisasie is vir Suidoos-Asië in 1954 gestig om die Kommunistiese indringing aldaar te bekamp? (Hou in gedagte die VSA se beleid van "containment").
- Waarom het land (3) na 1954 al dieper betrokke geraak in die stryd van Vietnam? Verduidelik kortliks.
- Gee 'n kort kritiese beskouing van die afloop van die stryd in Vietnam, 1975.

6.2 **SPOTPRENT B**

ST. 10 - SILLABUS. DIE VRYWORDING VAN DIE AFRIKA-STATE

# So Ghaan Dit in die Wêreld! -B-




**(Na aanleiding van die onafhanklikwording van Ghana.)**

6.2.1 **ORIËNTERING t.o.v. DIE SPOTPRENT**

- Die datum - 9 Maart 1957 - beteken dat die spotprent het 3 dae na die onafhanklikheidswording van die Goudkus (Ghana) verskyn.
- Interessante simboliek verskyn in hierdie spotprent.
- O.a. aan die linkerkant, op die voorgrond verskyn 'n groep in kommunikasie met mekaar, wat geïdentifiseer moet word.
- Aan die regterkant, effens terug, verskyn 'n figuur wat ook geïdentifiseer moet word.
- In die agtergrond word twee verskillende vlagseremonies gesimboliseer.

6.2.2 **DOELSTELLINGS VAN LES**

Hierdie spotprent kan gerieflik gebruik word om die **tema** oor die onafhanklikheidswording van Afrika-state, en die opkoms van Afrika nasionalisme in pan-Afrikanisme, **in te lei.**

- Beklemtoon anti-Kolonialisme. Wat word deur die twee vlag-seremonies gesimboliseer?
- Hoe raak dit Brittanje as koloniale moondheid?
- Wat was die wese van Afrika-nasionalisme en pan-Afrikanisme, soos deur Nkrumah gepropageer?

Ook kan hierdie spotprent nuttig gebruik word by 'n les oor die invloed van die twee magsblokke (Amerika & Rusland) by die onafhanklike swart state soek. Die lugleegte wat ontstaan het a.g.v. die verdwyning van die koloniale moondhede (vgl. Brittanje, Frankryk, Portugal) en spoedig gevul deur Rusland, Sjina en die VSA

OF

Hierdie spotprent kan ook as evalueringsmateriaal gebruik word, bv.:

- Identifiseer die karakters en die betrokke lande 1, 2, 3, 4 en 5. Kyk veral na die klere drag wat as leidraad kan dien.
- Waarom is karakters 1, 2 en 4 so vriendelik met karakter 3? Wat simboliseer dit? Verklaar kortliks.

- Watter rol het karakter (3) in die proses van onafhanklikheidswording van die Afrika-state gespeel. Verduidelik kortliks.
- Waarom sou die lande 1, 2 en 4 vir land 3 aanneemlik wees? Verduidelik.
- Watter vlag volgens jou word links agter gehys? Wat simboliseer dit?
- Watter vlag word regs agter gestryk? Wat word daardeur gesimboliseer?
- Hoe verklaar jy die houding, in die spotprent, van figuur 5? (±6 reëls).

Naskrif:

(1) Indien die moontlikheid sou bestaan dat karakters in spotprente nie maklik identifiseerbaar is nie, moet die betrokke name op die spotprent geskryf word.

(2) Indien die opskrif van 'n spotprent nie aanpas by 'n spesifieke werkstuk nie, moet die gewysig word.

## SAMEVATTING:

Die gebruik van die spotprent en die moontlikhede wat dit bied as hulpmiddel in die onderrig van Geskiedenis, is moontlik nog nie ten volle ontgin nie. Daarvan spreek ook die soms verwarrende interpretering wat in die st. 10- eindeksamenantwoordstelle gevind word. Die indruk bestaan dat leerlinge nie die selfvertroue het om vrae aan te pak wat interpretering van spotprente vereis nie. Moontlik lê die probleem by die wyse van probleemstelling.

Indien ons wil slaag met die gebruik van die politieke spotprent in die onderrigsituasie, sal alreeds begin moet word by die primêre klasse (st. 4 en 5) maar dan baie elementêr. Waarom nie hierdie leerlinge hul eie spotprente laat teken nie?

Laat die kind sy eie weergawe gee of storie vertel. Nou gaan dit nie om die estetiese nie, maar sy eie siening van 'n situasie of gebeurtenis.

Deur die toenemende gebruik van die spotprent in die onderrigsituasie sal die kind te meer besef dat die Geskiedenis oor die mens handel, nie as afsonderlike enkeling nie, maar in sy verhouding tot sy medemens, sy omgewing en sy Skepper.

---

**BRONNE:**

Dale, E: Audio-Visual methods in teaching. George G Harrap and Co, London, 1947, p. 546.

Conradie, PJ: Van Onderrighulpmiddel tot sisteemonderrig. Butterworths, Durban, 1977, p. 125.